

Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



Maart 2012

Diep afhanklik van God

Lees binne...

- Diep afhanklik van God – 1
- Konflik en lyding – 2
- Julle moet mekaar vergewe – 3
- Bilaterale ooreenkoms met NG Kerk – 4
- Is die middelgrond 'n verhewe posisie? – 6

In hierdie uitgawe

- BI 1 Diep afhanklik van God (Prop Elritia le Roux)
- BI 2 **Van die redakteur, dr André Ungerer**
Konflik en lyding
- BI 3 **Aktuele sake**
Julle moet mekaar vergewe... (Di Paula Eksteen-Erasmus en Chris le Roux)
- BI 4 **Kerkwêreld**
Bilaterale ooreenkoms met NG Kerk (Ds Dries Beukes)
Opening van AIM
- BI 5 **Kerkwerf**
Eerstejaarskampe 2012
Kortliks
- Ble 6-7 **Gespreksforum**
Is die middelgrond 'n verhewe posisie? (Dr Piet van Staden)
Om te word wat ons is (Ds Piet Steenkamp)
Ja vir die eties-dialektiese (Ds Frans Oosthuizen)
Steeds Hervomers? (Prof Bieks Beukes)
Ondersteun ons Afrikaanse skole! (E Cronjé)
- Agterblad **Oordenking**
Hoop vanuit lyding (Ds Johan van Greunen)

Konflik en lyding

Dr André Ungerer, redakteur, skryf: Mense hoef nie sigbaar gewelddadig met mekaar te wees om lyding te veroorsaak nie. Verbale geweld in die vorm van kwetsende taalgebruik, verkleinerende uitsprake, skinderveldtogte en verdagmakery veroorsaak intense lyding. Die onvermydelike uitwerking daarvan kom na vore in verlies wat ervaar word, bitterheid, emosionele afsydigheid en isolasie. Wanneer verhoudinge tussen gelowiges versuur, is die pyn selfs meer intens omdat gelowiges gewoonlik beter optrede van mekaar verwag. Medegelowiges wat in hierdie konflik ingetrek word, moet dan teen wil en dank kant kies, wat die konflik verdiep en die rimpeleffek daarvan vergroot.

Die eenheid in die Hervormde Kerk is tans geweldig broos en georganiseerde bedrywighede bemoeilik die hele saak. Hierdie onbeslegte konflik verdiep die kloof tussen die voorstanders van die verskillende standpunte en werk verlamrend in op die werksaamhede van die Kerk omdat te veel energie in die konflik ingesuijg word. Laat ons hoop en bid dat die Bemiddelingskomitee wat in die lewe geroep is, werklik daarin sal slaag om rus en kalmte te bewerkstellig. Myns insiens is die werk van dié Komitee 'n goeie begin maar nie genoeg nie. Hervormers sal op alle vlakke met mekaar moet praat. Daar is geen kortpaaie as dit by die beslegting van konflik kom nie. Wat nodig is, is 'n hart tot hart gesprek waar medebroers en -susters mekaar in die oë kyk, moeite doen om mekaar se standpunte te begryp en verskille te respekteer. Dit vra dat die *ekkerigheid* by die huis gelaat word terwyl daar in gehoorsaamheid met die regte gesindheid van liefde en verdraagsaamheid gekommunikeer word. Op hierdie wyse kan ons as broers en susters mekaar weer vind en waardeer.

Diep afhanklik van God

Prop Elritia le Roux neem 1 Petrus as vertrekpunt in haar besinning oor lyding. Die gemeentes in Klein-Asië waaraan die brief gerig is, verduur geweldige lyding. Oor die aard van die lyding bestaan egter onsekerheid. Die konsensus onder Nuwe-Testamentici is dat hierdie lyding nie die gevolg van 'n amptelike Romeinse vervolging van die Christene was nie, maar eerder die toenemende sosiale uitwerping en verwerping wat die gelowiges moes verduur. Hierdie sosiale uitsluiting is nie iets wat ligtelik opgeneem behoort te word nie. Gegewe die mensbeskouing van die antieke Mediterreense samelewing is 'n persoon se identiteit deur sy of haar behoring tot 'n spesifieke groep, stam en veral familie gedefinieer. Indien 'n persoon dus as gevolg van geloofsoortuiging die sekuriteit van hierdie behoring verlaat, beteken dit om uitgelewer en eensaam te wees. Die ergste is dat so 'n persoon sonder identiteit was.

Daarbenewens is van die mense wat in die Romeinse provinsies gewoon het, verwag om aan die amptelike godsdienstige feeste en rituele deel te neem. Diegene wat versuim het om dit te doen, is gemarginaliseer en kon nie deel hê aan die openbare lewe van hul stad nie. Gevolglik het dit vir hulle 'n verlies aan eer beteken: Hulle is nie uitgenooi na maaltye nie, hul besighede is nie ondersteun nie, hul produkte nie gekoop nie en hul dogters kon nie in die huwelik tree nie. Die Christelike gelowiges was nie net slagoffers van uitsluiting nie, maar ook van konstante beledigings wat bedoel was om te verwond.

Die outeur van die eerste Petrusbrief rig sy skrywe aan hierdie gemeentes om hulle te bemoedig en om hulle daaraan te herinner dat hul identiteit in Christus eerbaar is en dat hul kosbaarheid in God se oë van veel meer betekenis is as hul minagting deur die wêreld. Hul benaming van *Christene* is inderdaad 'n eretitel en iets waarvoor hulle hulle kan verheug en waarvoor hulle hulle nooit hoef te skaam nie.

Julle moet mekaar vergewe...

Wanneer mense deur misdaad getraumatiseer word, ervaar hulle 'n natuurlike drang na wraak en uiterste strawwe. Maar daar is ook 'n teenkant: die swaarkry en trauma van diegene wat die vonnis moet uitvoer (veral in die geval van doodstraf). En altyd die opdrag: *Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe* (Kolossense 3: 13).

Ds Paula Eksteen-Erasmus en haar man van Gemeente Midrand besin vanuit die perspektief van die slagoffer oor die saak van oordeel en vergelding. **Ds Chris le Roux** van Stellenbosch/Worcester kyk na die lyding van die laksman.

Ander berigte

Lees oor die **bilaterale ooreenkoms** tussen die Hervormde Kerk en die NG Kerk. Daarmee wil die Kerke eintlik iets wat reeds bestaan net formeel bevestig en met enkele sake uitbrei, soos onder andere die oor en weer beroep van predikante. Ook dit sal egter net in uitsonderlike gevalle plaasvind. Hiermee wil ons ook ons gesamentlike roeping om die evangelie van Jesus Christus uit te dra, bevestig.

Daar is ook berigte oor die **opening van die Afrika Instituut vir Missiologie** en die **eerstejaarskampe van 2012**, en 'n lewendige debat in **Gespreksforum**, onder meer oor dr Johann Beukes se artikel in die Januarie/Februarie 2012-uitgawe oor die Hervormde middelgrond.
